

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 380/2013

In die saak tussen:-

MZIWANDILE ALFRED JAKOBO

Eiser

en

JOHANNES PETRUS LOUIS GRIMBEEK

Verweerder

AANGEHOOR OP: 29 JULIE 2014

CORAM: KRUGER, R

GELEWER OP: 7 AUGUSTUS 2014

[1] Die eiser spreek die verweerder, 'n prokureur, aan omdat verweerder nie sy eis tydiglik of enigsins by die Padongelukkefonds ingedien het nie. Die verweerder het 'n spesiale pleit van verjaring geopper en daardie pleit is ingevolge Eenvormige Hofreël 33(4) geskei vir afsonderlike beregting, en hierdie uitspraak handel slegs met die spesiale pleit van verjaring. Albei partye het getuies geroep. Mnr Grobler het die verweerder geroep en Mnr Röntgen het die eiser, eiser se vader en skoonseun se getuienis aangebied.

[2] Relevante datums:

- | | |
|-------------------|--|
| 17 Desember 1983 | Eiser se geboortedatum. |
| 25 Januarie 2001 | Botsing waaruit eiser se eis ontstaan. |
| 13 Februarie 2001 | Verweerder ontvang R250 van eiser se vader. |
| 25 Maart 2005 | Verweerder sluit sy lêer, en dit is inmiddels vernietig. |
| 17 Desember 2004 | Eiser word 21 jaar oud. |
| 17 Desember 2007 | Eiser se eis teen die Padongelukkefonds verjaar. |
| 17 Desember 2007 | Verjaring van eiser se eis teen verweerder begin loop. |
| 17 Desember 2010 | Verjaringsdatum van eiser se eis teen verweerder. |
| 6 Februarie 2013 | Dagvaarding op verweerder beteken. |

[3] Artikel 12(1) en (3) saamgelees met artikel 11(d) van die Verjaringswet 68 van 1969 bepaal dat verjaring begin loop sodra die skuldeiser kennis dra van die identiteit van die skuldenaar en van die feite waaruit die skuld ontstaan, of sodra die eiser deur die beoefening van redelike sorg sodanige kennis kon bekom:

“12 Wanneer verjaring begin loop

- (1) Behoudens die bepalinge van sub-artikels (2), (3) en (4), begin verjaring loop sodra die skuld opeisbaar is.
- (2)
- (3) 'n Skuld word nie geag opeisbaar te wees voordat die skuldeiser van die identiteit van die skuldenaar en van die feite waaruit die

skuld ontstaan, kennis dra nie: Met dien verstande dat 'n skuldeiser geag word sodanige kennis te dra indien hy dit deur die beoefening van redelike sorg kon bekom.”

- [4] Mnr Grobler sê die verweerder steun op die alternatief, naamlik dat die eiser deur die beoefening van redelike sorg die identiteit van die verweerder en die feite waaruit die skuld ontstaan kon bekom het. Die verweerder dra die bewyslas om kennis, werklik of geag, te bewys, maar minder getuienis is nodig om 'n *prima facie* saak daar te stel omdat die feite binne die besondere kennis van die eiser val (**Union Government (Minister of Railways) v Sykes** 1913 AD 156 op 173 soos aangehaal in **Gericke v Sack** 1978 (1) SA 821 (A) op 827 C-G).
- [5] Die verweerder het getuig dat hy in Parys praktiseer. Sy lêer is in 2005 gesluit en vernietig, voor dagvaarding beteken is. Hy het geen rekords. Hy kon hier en daar inligting vind, ondermeer 'n ou prokurasie (wat nie onderteken is nie) en sy ou trust kwitansie boek. Die eiser se vader het by 'n goeie kliënt van verweerder gewerk, ongeveer 200 meter van verweerder se kantoor af. Hy aanvaar dat die eiser en sy vader as gevolg van sy kontak met daardie kliënt by hom uitgekom het. Verweerder sê die lêer kon om verskeie redes gesluit gewees het, byvoorbeeld gebrek aan instruksies of omdat dit nie 'n *bona fide* eis was nie.
- [6] In kruisondervraging is die verweerder gevra of hy nog sy dagboeke vir 2001 het. Hy antwoord dat hy nie weet nie, hy sal moet kyk. Hy

sien nie mense sonder afspraak nie, behalwe in dringende gevalle. Dis moontlik dat hy 'n gebeurlikheidskontrak oor hierdie eis aangegaan het. Verweerder se praktyk het alleenstaande rekenaars, en hy kon geen rekord vind dat sodanige kontrak oorweeg of aangegaan is nie. Die verweerder het nie by die Prokureursorde navraag gedoen oor of daar moontlik 'n kansellasie was van so 'n moontlike gebeurlikheidskontrak. Mnr Grobler het beswaar gemaak oor vrae oor 'n moontlike gebeurlikheidskontrak, waarop Mnr Röntgen geantwoord het dat, as daar 'n gebeurlikheidskontrak was, staan dit vandag steeds. Die verweerder weet nie of daar sodanige kontrak was nie. Dis in kruisondervraging gestel dat die betaling van R200 wat op grootboek getoon word (Bundel bl 2) as 'n betaling aan "Sup. Boitumelo" namens 'n ander kliënt gedoen is, en nie aan die hospitaal soos wat verweerder gesê het nie. Die verweerder het nie meer ander rekords wat met hierdie betaling handel nie. Die verweerder is uitgevra oor die ongetekende "Spesiale prokurasie" (Bundel Bl 3), wat verweerder nie kon onthou nie. Hy kon geen korrespondensie vind nie. Dis gestel dat die verweerder die hospitaalverslag gekry het en niks verder nie. Die verweerder antwoord dat hy met die kliënt sou gekommunikeer het, hy sou die eiser of moontlik eiser se vader geskakel het. Op hierdie stadium het Mnr Grobler weer beswaar gemaak teen die kruisondervraging en gesê dat die nalatigheid van die prokureur nie tans voor die hof is nie, waarop Mnr Röntgen geantwoord het dat dit die plig van 'n prokureur is om met sy kliënt skakel.

- [7] Dis in kruisondervraging aan die verweerder gestel dat 'n prokureur nie bloot die lêer van 'n kliënt kan sluit nie. Hierop reageer die verweerder dat hy nie die lêer net sou gesluit het nie. Op die stelling dat daar vir vier jaar (vanaf 2001 tot 2005) 'n doodse stilte op hierdie lêer was, antwoord die verweerder dat hy nie weet wat in daardie tyd gebeur het nie. Hierdie is die kern van die aanval op die verweerder, en sy reaksie daarop. Dis moeilik vir die verweerder om te bewys wanneer die eiser kennis van die feite gekry het waarop die eis gebaseer is. Die verweerder getuig dat hy vir sy kliënte sê hulle moet onmiddellik reageer. Hierdie getuienis is nie weerspreek nie. Die verweerder getuig dat hy nie die meriete van die eis onthou nie.
- [8] As die eis nie 'n *bona fide* eis was nie, sou die verweerder moontlik nie met die eis voortgaan nie. Die verweerder weet nie of dit hier so 'n geval was nie. Hy gee toe dat as dit nie 'n *bona fide* eis was nie, sou hy die kliënt die kans moes gegee het om na 'n ander prokureur te gaan. Dit word aan verweerder gestel dat hy vir die eiser en sy vader gesê het hulle moet hom los, hy weet wat hy doen. Verweerder getuig dat sy kantoor baie derde party eise hanteer, hy weet nie aan wie hierdie saak toegewys was nie. Hy het nie die lêer by hom nie, en weet nie wat gebeur het met eiser se saak nie.
- [9] Namens eiser is drie getuies geroep. Eiser se vader het eerste getuig. Hy het by 'n kliënt van die verweerder gewerk naby verweerder se kantore, en hy en die eiser, wat in 'n rolstoel was, het die verweerder kort na die ongeluk gaan sien. Die verweerder wou

R250 hê om met die saak aan te gaan. Geen dokumente is onderteken nie. Met sy tweede besoek aan verweerder se kantoor het eiser se vader net die R250 by ontvangs daar gaan inbetaal. Sy getuigenis is teenstrydig oor sy derde besoek. Hy getuig aanvanklik dat nie lank nadat hy die geld inbetaal het, was hy weer by verweerder, wat hom toe meegedeel het dat hy aangaan met die saak, en dat hy die polisie en hospitaal moet nader. Die verweerder het nie gesê hoe lank dit sou duur nie. Daarna het eiser se vader, eiser, en eiser se swaer, Thabatha, weer vir verweerder gaan sien. By hierdie geleentheid het eiser se swaer die praatwerk gedoen, en vir verweerder gevra wanneer die eis gaan klaarkom. Eiser se vader sê dat verweerder baie mooi met hulle gepraat het, maar beide eiser en Thabatha sê verweerder het gesê hulle moet hom los, hy ken sy werk. Eiser se vader getuig dat hy baie vertroue in die verweerder gehad het.

- [10] In kruisondervraging getuig eiser se vader dat eiser gedurende 2012 oor die radio gehoor het dat die Padongelukkefonds mense aanmoedig om hulle eise verder te voer. Eiser se vader sê hy was kwaad vir sy seun. Eiser het toe sy huidige prokureur van rekord gaan spreek. Eiser se vader getuig dat hy nie weet of eiser ooit by die verweerder navraag gedoen het oor die vordering met sy saak nie. Eiser se vader bevestig dat na die konsultasie waar hulle drie by die verweerder was, ongeveer 'n jaar of anderhalf jaar na die botsing, het hy nooit weer by die verweerder navraag oor die vordering met die saak gedoen het nie. Hy het in die verweerder geglo.

- [11] Thabatho, die skoonseun, se weergawe van die vergadering by die verweerder verskil van eiser se vader s'n. Volgens hom was die verweerder kwaad toe hy hom vra oor die vordering met die saak. Verweerder het gesê hy ken sy werk, hulle moet loop. In teenstelling met eiser se vader wat getuig dat verweerder vriendelik was, getuig Thabatho dat verweerder kwaad was en hulle uit sy kantoor gejaag het, en gesê het hulle gaan hom nie leer om sy werk te doen nie. Dis moeilik om hulle getuienis te versoen. Thabatho bevestig dat hy nooit navraag gedoen het oor die vordering met eiser se saak by verweerder nie.
- [12] Eiser self het laaste getuig. Hy en sy vader het die verweerder gaan spreek. Die verweerder het gesê dat hy alles sou doen, hulle sou help, op voorwaarde dat hulle R250 betaal. Eiser het die verweerder drie keer gesien. Eiser getuig dat tydens die derde vergadering, toe sy swaer by was en skynbaar die hoof-segsman was, was verweerder se stem baie hoog, en hy het gesê hy hanteer hierdie tipe sake, dit neem lank. Hy getuig dat die verweerder baie kwaad was. Hy sluit sy kruisondervraging af met die erkenning dat vanaf 2002 tot 2012 het hy niks aan die eis gedoen nie. Hy getuig dat hy net stilgebly het.
- [13] In sy betoog het Mnr Röntgen na verskeie sake verwys om te toon dat die prokureursberoep 'n verantwoordelike profesie is, wat groot vaardigheid van sy lede verg (Waar v Louw 1977 (3) SA 297 (O) op 304 D-E per MT Steyn). In Ditedu v Tayob 2006 (2) SA 176 (W) het die eiser se prokureur sy eis teen die Padongelukkefonds van R472

172 vir R5 013 geskik. Sy was 'n 42 jarige leek. Die eiseres was onbewus van die prokureur se nalatigheid toe sy haar geld ontvang het. Sy moes volgens die verweerder op die laaste in 2001 geweet het van haar eis. Goldstein R kon nie bevind dat eiseres nie redelike sorg aan die dag gelê het nie, en wys die verjaringspleit af. **Truter and Another v Deyssel** 2006 (4) 168 (HHA) het oor mediese nalatigheid gegaan. Daar handhaaf die hof die spesiale verjaringspleit, en bevind dat verjaring begin loop sodra die eisoorzaak voltooi is. Die verdere konsultasie van eiser met ander deskundiges het nie die aanvang van verjaring vertraag nie. In **Mienzana v Goodrick and Franklin Inc** 2012 (2) SA 433 (FB) het dit gegaan oor 'n eis teen die Padongelukkefonds wat prokureurs laat verjaar het. Die feite was dat die prokureurs 14 briewe gestuur het, wat op die waarskynlikhede nie by eiser uitgekóm het nie. Rampai R vind dat die uitstuur van daardie briewe nutteloos was. Die prokureur wat met die saak gewerk het, het 34 maande gehad om die omstandighede van die eis te ondersoek, wat sy nie gedoen het nie. Sy het nie gedoen wat redelikerwys van die deursnee prokureur verwag kan word nie (**Mouton v Die Mynwerkersunie** 1977 (1) SA 119 (A) te 142 G-H per Wessels AR). Hoewel die einde van die verjaringstyd duidelik in sig was, het die prokureur in die **Mienzana**-saak niks gedoen nie (par [98]).

- [14] Mnr Röntgen verwys na **Van Zijl v Hoogenhout** 2005 (2) SA 93 (HHA). Die feite daar was ongewoon en het gehandel met seksuele handeling wat die verweerder teen die eiseres gepleeg het terwyl sy minderjarig was. Die getuienis het daarop gedui dat weens haar

emosionele en geestelike toestand kon sy niks vroeër doen nie. Heher AR beklemtoon dat verjaring onredelike gebrek aan optrede penaliseer nie die onvermoë om op te tree nie (par [19]).

- [15] In **Road Accident Fund v Advocate Ele Myhill NO** (506/2012) [2013] ZASCA 73 (29 May 2013) was die vraag of die skikking van twee minderjariges se eise teen die Padongelukkefonds as bindend aanvaar moes word of tersyde gestel moes word. In daardie saak het mens met die optrede van 'n voog te doen gehad. Die botsing het in 1997 plaasgevind, toe die twee eisers onderskeidelik twee jaar en vier maande oud was. Aanbiedinge van ongeveer 10% van die eisbedrae is ontvang en skynbaar in 1999 aanvaar. Tien jaar later het die respondent, 'n praktiserende advokaat opdrag gekry om die toekennings ter syde te laat stel. Na oorweging van die feite beslis Leach AR dat die toekennings ter syde gestel moet word, veral omdat die toegekende bedrae so klein was. In die huidige geval blameer die eiser nie sy vader nie. Trouens, sy vader het hom na die verweerder geneem, en die verweerder se fooi gaan betaal. Die eiser was reeds sedert 2004 meer as 21 jaar oud, en kon sy eie sake behartig. Die eiser was 17 tydens die fietsongeluk.
- [16] In **McLeod v Kweyiya** 2013 (6) SA 1 (HHA) het die Hooggeregshof 'n spesiale verjaringspleit afgewys, welke beslissing deur die Hoogste Hof van Appèl bekragtig is. Die hof vind dat daar geen rede vir die respondent was om te glo dat die bedrag wat namens haar verhaal is, te min was nie. Die hof vind ook dat daar geen basis was om te bevind dat, toe sy 21 jaar oud geword het, sy

opeens moes geweet het, sonder enige tussenbeide tredende faktor, dat haar eis vir te min geskik was nie. Die hof vind dat daar geen basis was waarop sy eerder kon gemeen het dat sy 'n eis teen die appellant gehad het nie. Die verjaringspleit word dus afgewys.

- [17] Wat die getuienis van die eiser en sy swaer betref dat die verweerder hulle hard aangespreek het en uit sy kantoor gejaag het, is dit moeilik om te bepaal wat werklik gebeur het. Die eiser se vader sê die verweerder het mooi met hulle gepraat. Dis nooit aan die verweerder gestel dat hy die drie uit sy kantoor gejaag het tydens die laaste konsultasie in 2001 of 2002 nie. Mens kry die indruk dat die getuienis oor die uitjaag moontlik 'n latere versinsels deur die eiser en sy swaer is. Mnr Röntgen, 'n ervare regspraktisyn, het nie aan die verweerder gestel dat hulle twee dit sou kom sê nie.
- [18] Die feite in **Gunase v Anirudh** 2012 (2) SA 398 (HHA) was dat die respondent, 'n voetganger, in 1992 raakgery is deur 'n motor. In 1993 het hy opdrag aan die appellant, 'n prokureur, gegee. Hy het later weer die appellant se kantore besoek, dit was gesluit en hy is meegedeel dat die appellant getrek het na 'n ander perseel. Later het hy verneem dat die appellant ophou praktiseer het. Gedurende Maart 2005 is hy meegedeel dat sy lêer verlore was. Op 28 April 2005 het respondent sy prokureur van rekord gespreek en haar versoek om die derdeparty eis oor te neem. In Januarie 2006 het respondent behoorlik opdrag gegee met al die dokumente en 'n lêer is geopen. Dagvaarding is in Oktober 2008 uitgereik. Die ongeluk het in 1992 plaasgevind en die eis teen die Padongelukkefonds het

dus in 1995 verjaar. Brand, AR bevind dat die respondent sy prokureur in 2001 gesien het, en ook in daardie jaar gesien het die kantoor is gesluit. Van Julie 2001 tot April 2005 het hy niks gedoen nie, hy sê omdat hy nie geweet het wat om te doen nie. Brand AR vind dat, by toepassing van 'n objektiewe standaard van sorg, as die respondent redelike sorg aan die dag gelê het, sou hy kort nadat hy gesien het dat appellant ophou praktiseer het as prokureur, geweet het dat die appellant nie sy eis ingedien het nie. Hy sou op die laaste gedurende Mei 2005 geweet het sy eis is nie by die Padongelukkefonds ingedien nie. Die Hoogste Hof van Appèl vind dus dat die verjaringspleit moes geslaag het want dagvaarding is eers in 2008 uitgereik.

- [19] In die huidige geval het die respondent vanaf 2002 tot 2012, nadat hy in 2004 meerderjarig geword het, niks gedoen het nie. In hierdie geval, anders as in die **Gunase**-saak, was die verweerder se kantoor heeltyd oop, en is dit steeds oop, 200 meter van eiser se vader se werksplek. Bowendien is die verweerder eiser se vader se werkgewer se prokureur. Tog het eiser, of sy vader of sy swaer, geen navrae daar gedoen nie, vir nagenoeg tien jaar.
- [20] Die rede waarom verjaring as verweer bestaan is omdat mense se geheues vervaag en dokumente wegraak of vernietig word. As dit gebeur kan 'n hof nie meer die eis behoorlik beoordeel nie. Dis presies wat hier die geval is. Dit kan nie verweerder verwyrt word dat hy sy lêer gesluit het nie. Die eiser het vir 'n periode van byna tien jaar niks gedoen nie. Mens kan spekuleer oor die redes

waarom die verweerder nie die eis ingedien het nie, maar daar is geen rekords nie. In die omstandighede is daar nie 'n basis om te vind dat die verweerder nie sy plig as prokureur nagekom het nie, want hy, en die hof, weet nie watter stappe hy geneem het nie.

- [21] Die benadering van Mnr Grobler namens verweerder was dat eiser vir nagenoeg tien jaar niks aan sy eis gedoen het nie, en dat verweerder nie meer 'n lêer het, en nie meer onthou wat gebeur het nie. Mnr Röntgen, daarteen, steun op die feit dat die prokureursamp 'n belangrike een is, en dat 'n prokureur groot sorg aan die dag moet lê in die hantering van sy sake. Die eiser se probleem is dat die feite rondom wat die prokureur gedoen het, as gevolg van tydsverloop nie meer vasgestel kan word nie. Dis waarom die leerstuk van verjaring in ons reg bestaan, omdat tydverloop nadelig kan wees vir mense wat nie onthou nie en nie meer rekords het nie. Daarom kyk mens na die redelikheid van die vertragings aan die kant van die eiser. Daar is baie sake waar die hof lang vertragings goedgekeur het, bv. in die Van Zijl-saak, (*supra*) waar die eiseres weens haar emosionele en geestelike toestand prakties onder 'n beletsel was. Daar was geen skuld in haar vertraging nie. Die feite van die onderhawige geval is dat eiser kort na die ongeluk die verweerder gaan spreek het saam met sy vader. Hy was twee keer weer daar. Hy het reeds in 2004 meerderjarig geword. Die getuienis dui daarop dat eiser se swaer ook behulpsaam was met die eis, deurdat hy die konsultasie by die verweerder gevoer het. Uit die swaer se getuienis is dit duidelik dat hulle nie alles vir soetkoek opgeëet het wat verweerder hulle vertel

het nie. Hulle verduidelik nie waarom hulle nie die verweerder weer gaan spreek het na die konsultasie toe, volgens die eiser en die swaer, die verweerder hulle uit sy kantoor gejaag het nie. As die tydsverloop nie so lank was nie, en die verweerder se lêer nie vernietig was nie, sou mens moontlik die redes vir daardie uitjaag (as dit gebeur het) kon vind, en sou mens moontlik kon bepaal wat toe gebeur het. Daardie rekords bestaan nie meer, deur geen skuld van die verweerder nie. Die eiser kon en moes vroeër opgetree het. Die reg verwag van 'n skuldeiser soos die eiser om redelik en wakker soos 'n redelike persoon op te tree, en nie agteroor te sit in traak-my-nie-agtige niksdoen nie (**Macleod v Kweyiya** 2013 (6) SA 1 (HHA) op 6 D-E).

[22] Dit word die verweerder verwytdat hy nie die saak met die eiser opgevolg het nie, maar die punt is dat die lêer vernietig is, en die verweerder het nie 'n manier waarop hy kan vasstel wat hy of die eiser in daardie tydperk gedoen het nie. Dis waarom verjaringswetgewing bestaan, want geheues vervaag en dokumente word vernietig. Dis presies wat hier gebeur het. Die verweerder onthou nie wat gebeur het nie, en die dokumente is vernietig. Dis onbillik om in die omstandighede meer van die veweerder te verwag as wat hy voor die hof geplaas het.

[23] Die feite in die **Mienzana**-saak (*supra*) is anders as die feite in die huidige saak. In die huidige saak weet mens nie wat gebeur het nie. Die verweerder getuig dat hy nie die lêer goedsmoeds, lukraak, sonder rede en sonder dat hy stappe geneem het nie sou sluit nie.

Weens die lang tydsverloop, en omdat die rekords nie meer bestaan nie, weet mens nie wat daardie rede was of watter stappe die verweerder geneem het nie. Die verweerder kan nie onder daardie omstandighede aanspreeklik gehou word nie.

- [24] In die huidige geval het die eiser aan geen onvermoë gelyk nie, soos in **Van Zijl** (*supra*). Hy het in 2004 meerderjarig geword. Hy was bewus van sy eis. Hy en sy vader het die respondent gespreek, en ook sy swaer was by die laaste konsultasie met die verweerder teenwoordig, en het 'n aktiewe rol gespeel. Die eiser het vir nagegnoeg tien jaar niks gedoen nie. Hy het vanweë 'n radioberig besluit om sy eis verder te voer.
- [25] Die eiser moes meer doen as om bloot passief te wees. Hy word ingevolge die Verjaringswet drie jaar gegun om navrae te doen. "If she could have acquired this knowledge by acting diligently, her inertia, ineptitude or indifference would not excuse her delay" (**Gericke v Sack** (*supra*) te 832 C-D). 'n Party kan nie voordeel trek uit sy eie vertraging nie (**Uitenhage Municipality v Molloy** 1998 (2) SA 735 (HHA) te 742 A-D. Dit word geag dat die eiser kennis van die identiteit van die verweerder en die feite waarop die eis gebaseer is gehad het, as hy dit kon doen deur die uitoefening van redelike sorg. Die vraag is of 'n redelike persoon in eiser se posisie die identiteit van die verweerder en die feite waarop die eis gebaseer is sou vasgestel het (**Drennan Maud & Partners v Pennington Town Board** 1998 (3) SA 200 (HHA) op 209 F-G. Dit vereis dat die eiser wakker moet wees en soos 'n redelike persoon

optree. Die eiser was nie wakker nie en die verweerder was geregtig om sy rekords te vernietig. Die verjaringspleit moet slaag.

[26] **BEVEL**

1. Die spesiale pleit van verjaring word met koste gehandhaaf.
2. Die eis word met koste van die hand gewys.

A. KRUGER, R

Namens Eiser:

Mnr K.M. Röntgen (Snr)

In opdrag van:

McIntyre & Van Der Post

BLOEMFONTEIN

Namens Verweerder:

Adv. J.F. Grobler

In opdrag van:

Symington & De Kok

BLOEMFONTEIN